# Die Kruin-o-gram

18 April 2021 - Uitgawe 03

## ‘n Gesprek aan tafel | Lukas 15:1-7



Om agtergrond te kry oor die Lukas evangelie in geheel, gaan lees gerus die eerste uitgawe van die Kruin-o-gram in Februarie (07 Februarie 2021). Lukas 15 is seker een van die bekendste hoofstukke in die Nuwe Testament, omdat dit drie baie bekende gelykenisse bevat. Die gelykenis van die verlore skaap (vv. 3-7), die gelykenis van die verlore muntstuk (vv. 8-10) en die gelykenis van die verlore seun (vv. 11-32). Struktureel word hierdie drie gelykenisse saamgebind deur die eenderse temas, maar ook dat hulle dieselfde struktuur bevat. ‘n Verdere aanduiding dat hierdie drie gelykenisse saam gelees moet word, is die numeresie ontwikkeling in die teks, wat beweeg van 1/100 na 1/10 na 1/2.

Die rede hoekom ons hierdie drie gelykenisse kry, is as gevolg van die konfrontasie wat plaasvind tussen Jesus en die Fariseërs in verse 1-2. In hierdie verse spreek die Fariseërs hulle skok uit oor Jesus wat met tollenaars en sondaars aan tafel sit. Hierdie skok is nie nuut in die evangelie van Lukas nie, daar word telkemale voor hoofstuk 15 hierna verwys, maar in hierdie hoofstukke rig die Fariseërs dit direk op Jesus.

Hierin is die doel van hierdie drie gelykenisse tweevoudig. Eerstens wil Jesus dit duidelik maak dat die bekering van nuwe gelowiges ‘n bron van vreugde vir God is. Hiermee verskuif Jesus dan die fokus vanaf homself teenoor die Fariseërs na God toe en hierin word vir ons geopenbaar dat net God ons lot kan verander. Tweedens moet ons nie dink ons is beter as tollenaars of sondaars wat nog nie gered is nie, want dit is juis ons werk om uit te gaan en hierdie mense te gaan bekeer.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Wat is jou planne vir die kort Skoolvakansie?

2. Na God
    a. Lees Lukas 15:1-7
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
    d. Watter opdrag gee Jesus vir ons deur middel van hierdie gelykenis?
    e. Hoe moet ons na ander mense kyk, na aanleiding van hierdie opdrag?

3. Na mense
    a. Gaan hierdie week en vertel vir iemand van Jesus en alles wat Hy vir jou gedoen het.





# Die brandende bos en die tien plae

## Eksodus 3-12

Toe Moses 'n groot man was, het hy weggegaan van die paleis af. Farao het die Israeliete sleg behandel. Moses het hulle probeer beskerm, en toe probeer Farao vir Moses doodmaak. Moses het uit Egipte gevlug.

Hy het na 'n plek met die naam Midian toe gegaan en 'n skaapwagter geword.

Op 'n dag, terwyl Moses sy skape oppas, het hy iets vreemds gesien. 'n Bos het gebrand, maar dit het nie uitgebrand nie. God het uit die bos met Moses gepraat: "Moses, lei my mense uit Egipte uit. Vat hulle na die land toe wat Ek vir jou sal wys. Die nuwe land se naam is Kanaän."

Moses was bekommerd dat Farao nie sou luister nie. God het vir Moses gesê om sy herderstok op die grond te grooi. Toe hy dit doen, verander die stok in 'n slang. God het vir Moses gesê om die slang te vang. Dit het weer 'n stok geword. God het gesê: "Ek sal tekens soos hierdie gebruik om vir Farao te wys Ek het jou gestuur."

"Maar ek kan nie goed praat nie," het Moses gekla. God het gesê: "Moenie bekommerd wees nie. Jou broer, Aäron, is goed met woorde. Ek sal hom saam met jou stuur."

Moses is saam met Aäron terug Egipte toe. Toe hulle daar aankom, vertel Moses vir die Israeliete wat God gesê het. Moses en Aäron het na Farao se paleis toe gegaan. Hulle het gesê: "Jy moet die Israeliete laat gaan. As jy dit nie doen nie, Sal God jou straf."Farao het gesê: "Nee! Ek ken nie julle God nie!" Toe laat hy die Israeliete nog harder werk.

God het nie daarvan gehou nie. Toe verander Hy die rivier se water in bloed. Dit het Farao nie gepla nie. "Ek sal die Israeliete nooit laat gaan nie," het hy gesê.

Toe stuur God paddas na Egipte toe. Hulle het op stoele gesit, by trappe opgehop en op beddens gespring. Farao het gesê: "Vat hierdie paddas weg, dan sal ek die mense laat gaan." Toe vat God die paddas weg.

Maar Farao het van plan verander en sê toe: "Nee." Goe het nog plae oor Egipte gestuur. Eers was daar 'n magdom muggies. Toe was daar verskriklik baie vlieë. Daarna het die diere siek geword. Toe kry die Egiptenaars sere op hulle vel.

'n Haelstorm het alles stukkend geslaan en daarna het swerms sprinkane elke krieseltjie groenigheid afgevreet. Toe is dit vir drie dae stikdonker. Soms het Farao gesê die mense kan gaan. Maar sodra God die plae weggevat het, het Farao weer "Nee" gesê.

Moses het vir Farao 'n laaste boodskap van God af gehad: "As jy my mense nie laat gaan nie, sal die oudste seun in elke Egiptiese huis doodgaan." Farao wou nie luister nie. God het sy belofte gehou. Uiteindelik het Farao gesê: "Gaan net!"

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 18 April** | |
| Alna de Almeida | 082 883 2651 |
| Leonay Landman | 082 886 1333 |
| Otto Saayman | 012 804 8852 |
| Herman Schonken | 012 332 5980 |
| | |
| **Maandag 19 April** | |
| Hein Bester | 082 335 2874 |
| Frik Coetzee | 012 804 3633 |
| Rolin Prinsloo | 072 461 6540 |
| Ruan Viljoen | 073 731 8688 |
| | |
| **Dinsdag 20 April** | |
| Danica Gerber | 082 339 6506 |
| Michelle Scheepers | 072 063 1267 |
| | |
| **Woensdag 21 April** | |
| Janro de Jager | |
| Charles du Plessis | 012 803 2200 |
| Sean Stones | |
| | |
| **Donderdag 22 April** | |
| Elaine Bernard | 012 804 4840 |
| Drico Borcherds | 072 271 6752 |
| Meent Borcherds | 072 271 6752 |
| Marko Botha | 084 508 1878 |
| Deline Janse van Rensburg | 082 817 3270 |
| | |
| **Vrydag 23 April** | |
| | |
| **Saterdag 24 April** | |
| Sonandie Janse van Rensburg | 082 529 7261 |
| Chante Neethling | 012 804 7802 |
| Helen Smit | 012 804 8789 |
| | |
| **Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!** | |

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher – Anelda Du Toit – Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker

**OPERASIES**
Dr Hennie van Buuren – Annelie Venter

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
'n egpaar wat sukkel om swangerskappe te hou

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™